

SAHARA-AVONTUUR
REEKS
No. 15
Dreigende
Daeraad
Meiring Fouché

INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Onverwagte Besoeker | 3 |
| 2. | 'n Lokval | 11 |
| 3. | Dreigende Dagbreek | 19 |
| 4. | Die Gesprek | 28 |
| 5. | Koeëls Klap | 36 |
| 6. | 'n Verrassing | 45 |
| 7. | Die Arabier | 54 |
| 8. | Voorbereiding | 64 |
| 9. | Set Teen Set | 73 |
| 10. | Dit Word Lig! | 81 |


Hoofstuk 1

## ONVERWAGTE BESOEKER

Luitenant André du Bois, bevelvoerder van Fort Laval, die suidelikste vesting van die Franse Vreemdelegioen in die Sahara, word uit sy slaap gewek deur iets wat onder sy neus kielie. Hy klap met sy hand want hy verbeel hom dat dit een van hierdie lastige vlieë is wat hom so vroeg in die oggend pla. Hy maak sy oë moeg oop en sien dat dit nog skaars lig is. Dan draai hy hom om en probeer verder slaap.

Dit is toe dat luitenant Du Bois die diep helder stem met die vreemde aksent deur sy slaapkamer hoor. ,,Goeiemôre, mon ami,'' sê daardie stem.

Du Bois swaai vinnig om, sy oë wyd oop en sy gestel meteens baie, baie wakker.

Toe wip hy orent op sy bed en staar verbysterd na die groot massiewe man met die vreemde uniform en met die swart kamaste aan wat dood op sy gemak daar by sy venster teen die muur leun.

Daardie man met sy ruwe bruin gesig, staan vir hom en glimlag. En terwyl hy glimlag, staan hy met 'n biesie in sy tande en vroetel.

Du Bois haal op hierdie oomblik feitlik nie asem nie. ,,Ek is jammer om jou so vroeg te steur, mon ami,'' sê die vreemdeling en kyk met 'n spotlaggie na die bevelvoerder van Fort Laval.

Du Bois staar net woordeloos na sy besoeker.

,,Laat ek myself bekendstel,'' sê die groot vreemdeling meteens. ,,Ek is Boelganof, die verskrikking van die Sahara!''

,,Boelganof!'' fluister Du Bois. ,,Nee! Nie Boelganof nie!''

,,Ja, mon ami, Boelganof,'' sê die groot man en hierdie keer is daar iets hard en iets dreigends in sy glimlag. ,,Ek het jou verras, nie waar nie, luitenant Du Bois? Jy is nie daaraan gewoond om

so vroeg besoekers te ontvang nie, nie waar nie, mon ami?"

Luitenant Du Bois wip uit die bed en staan bewend daar.

,,Ek is hier om Fort Laval oor te neem in die naam van die vryheidsvegters van die Sahara," kondig Boelganof aan.

Luitenant Du Bois voel asof hy in 'n ysige spelonk weggeval het. Want hy staan en staar na die grootste skurk, die grootste wreedaard en die grootste bloedvergieter van die ganse Afrika. Hier voor hom, in lewende lywe, staan Boelganof, die leier van 'n gewetenlose en bloeddorstige goedbewapende bende wat voorgee dat hulle die Arabiere wil help in hul vryheidstryd teen Frankryk. Dit is hierdie selfde man wat al die lewens van talle Legioenmanne gekos het, wat al 'n paar oliekampe hier in die Sahara aangeval en uitgeroei het. Dit is Boelganof hierdie, wat in samewerking met die Doelak-Arabiere, die Franse gesag in Noord-Afrika wil vernietig en die Franse Vreemdelegioen wil uitwis.

Boelganof die wildehond—want hy verslind en vernietig alles en almal wat hy teëkom. Klein patrollies van die Vreemdelegioen het hy al uitgewis. Mans, vroue en kinders by die oliekampe waar na olie gesoek word onder die rooi woesteny van die Sahara het hy al voor die voet om die lewe gebring of weggevoer en niemand weet waarheen nie.

En hier staan Boelganof nou in die slaapkamer van die bevelvoerder van Fort Laval.

Luitenant André du Bois het nie 'n bang haar op sy kop nie. Maar op hierdie oomblik voel hy soos 'n kind wat deur 'n vreemde verskynsel die skrik op die lyf gejaag is. Met 'n diep frons tussen sy oë kyk hy sprakeloos na die massiewe man met sy twee swart kamaste.

Boelganof verheerlik hom in Du Bois se oorstelping. In sy dik stem sê hy: ,,Jy het Fort Laval nie baie goed bewaak nie, mon ami! Boelganof die Grote het vannag sonder enige moeite deur die oop poort binnegekom!





,,Jy het my wagte gedood!" roep Du Bois uit en staan woedend 'n tree nader.

Maar Boelganof lag net saggies sodat sy buik skud en sodat sy ken ril. ,,Nee," sê Boelganof, ,,ek het nie een van jou wagte gedood nie, luitenant Du Bois. Ek doen hierdie dinge op die regte manier. Ek het lank gelede voorbereiding gemaak vir hierdie intog in Fort Laval vannag. Nie 'n enkel skoot is geskiet nie, nie 'n enkele druppel bloed is gestort nie. Maar Boelganof is binne in Fort Laval."

,,Jy praat deur jou nek, Boelganof," roep Du Bois uit.

,,'n Mens moet dinge reg doen, mon ami," sê Boelganof en maak so 'n fyn gebaartjie met sy twee groot ruwe hande.

,,Jy het blykbaar nie besef dat ek 'n paar bondgenote binne-in jou garnisoentjie gehad het nie, luitenant Du Bois."

Du Bois se oë glinster groot en sy gesig het spierwit geword. ,,Wat bedoel jy daarmee, Boelganof?" vra hy en sy stem bewe terwyl sy vuiste krampagtig saamgeklem is.

Boelganof lag diep en vrolik. ,,Daar is iets wat jy nog moet leer, luitenant Du Bois," sê die groot Rus. ,,En dit is dat die lojaliteit van enige man gekoop kan word. Ek het die lojaliteit van vier van jou manskappe hier in die garnisoen gekoop nog voordat julle na Fort Laval gekom het."

,,Jou vuile hond!" sê Du Bois hard.

,,Daar is min mense wat nie iets sal doen vir 'n goeie prys nie, Du Bois," sê Boelganof, asof hy die man se uitbarsting nie gehoor het nie. ,,Ek het al in Dini Salam met hierdie vier legioenmanne in aanraking gekom. En vandag, toe my kolonne op 'n gesette tyd voor die poort verskyn, is hulle binnegelaat. Ek wil jou al vroeër wakkermaak, mon ami, maar ek het nou gedink waarom sal ek jou nou so vroeg wakkermaak? Jy hoef jou nie te bekommer nie, alles is in orde. Ek het wagte by die slaapsaal opgestel en wanneer jou manskappe vanoggend wakker word, soos jy, sal hulle vind dat hulle ontwapen is en dat

hulle onder skoot gehou word deur die manskappe van Boelganof.''

Luitenant Du Bois gaan stadig op die bed sit, want hy voel meteens dat sy bene hom nie meer wil dra nie. Fort Laval in die hande van Boelganof! Dit is eenvoudig ongelooflik! Dit is ontsettend! Wat ook al gebeur, hierdie gebeurtenis sal die einde beteken van sy onderskeidende militêre loopbaan. Om op hierdie manier deur 'n wreedaard en 'n rampokker soos Boelganof uitoorlê te word, is eenvoudig fantasties. Die militêre owerheid sal van hom wat Du Bois is, eenvoudig net geen uitleg aanvaar nie. Om te dink dat 'n voorpos van die Franse Vreemdelegioen, en dit nogal 'n stewige vesting soos Fort Laval, sonder slag of stoot in die hande van 'n bende val, is net te onbeskryflik gek! En tog is dit presies wat gebeur het! Hier sit hy op sy katel, en daar staan Boelganof voor hom.

Hy kyk vinnig op sy polshorlosie. As Boelganof nie die waarheid gepraat het nie, sou die beuel nou reeds die begin van die nuwe dag oor die Fort aangekondig het.

Du Bois vlieg van die bed af op en spring na 'n venster wat op die vierkant van die Fort binne uitkyk en met die sweet brandend en sout op sy lippe, aanskou hy hoedat Boelganof se hele kasarmte binne in die vierkant afgesaal het. Daar is nie 'n teken van 'n Legioenman nie. Die hele vierkant word gevul deur die perde en die manskappe van Boelganof.

Die swaar hekke van die poort is neergelaat en Boelganof se wagte beweeg op die borsswerings.

Du Bois skud sy kop en sluit sy oë asof hy nou net nie kan glo wat hy sien nie. Dit is Boelganof se stem wat hom weer tot die werklikheid terugdruk. ,,Kom, mon ami,'' sê Boelganof, ,,trek jou aan sodat ek met jou die toekoms kan bespreek.''

,,Daar is niks wat ek met jou wil bespreek nie Boelganof,'' sê Du Bois uitdagend. ,,Ek eis dat jy my en my manskappe onmiddellik vrystel. Ek beveel jou om hierdie Fort binne die volgende





halfuur te verlaat. Blykbaar besef jy nie dat 'n kolonne na Fort Laval op pad is nie.''

Boelganof loer net onder sy ruie wenkbroue uit na die opstandige Franse offisier. Toe lag hy kortaf deur sy neus. ,,Blykbaar verkeer jy onder 'n misverstand, luitenant Du Bois,'' sê die Rus. ,,Jy is nie meer in bevel hier nie. Boelganof is hier in bevel. Jy kan nie meer bevele gee nie, mon ami. Boelganof gee vandag die bevele in Fort Laval.''

,,Jy is van jou sinne af, Boelganof,'' sê Du Bois. ,,Capitaine D'Arlan en sy kolonne is omtrent nog 'n dagreis van Fort Laval af. D'Arlan sal jou skiet dat jou velle waai. En as jy soveel as 'n haar van een man in hierdie garnisoen aanraak, sal jou straf des te erger wees.''

Boelganof het na die deur beweeg en hy leun sonder die minste erg teen die kosyn.

,,Jy herinner my baie aan 'n kapokhaantjie, mon ami,'' sê Boelganof. ,,Ek is nie een van dié wat skrik vir jul capitaine D'Arlan nie. Ek was al met hom slaags en dit was so hittete of ek het hom al gevang. Hierdie keer sal Boelganof hom inwag hier agter die mure van Fort Laval. Dit gaan prettig wees om capitaine D'Arlan se gesig te sien wanneer hy uitvind dat nie luitenant Du Bois nie, maar Boelganof, bevel voer in Fort Laval.'' Toe draai hy om en stap uit. Oor sy skouer sê Boelganof: ,,Ek gee jou vyf minute om aan te trek, luitenant Du Bois.

Dit was vanoggend vroeg, net na dagbreek.

Nou kom die skemer al purper oor die Sahara en die nagwind het al opgestaan en waai sterker uit die weste uit die rigting van die Atlasberge wat al stadig in die onduidelikheid wegkwyn. Die voorwind van die wind wat vannag die hele nag sal waai, dryf

klein dampies stof op die groot hoë plato ten noorde van Fort Laval—die plato waarvandaan jy so skielik afsak na die groot laagvlakte waarop die fort geleë is.

Kaptein D'Arlan, seker die dapperste en flinkste offisier in die Franse Vreemdelegioen, hou sy hand meteens omhoog. Agter hom kom die kolonne van sowat dertig legioenmanne tot staan. Hulle is dankbaar oor hierdie verposing want D'Arlan het hulle hierdie namiddag hard laat trek.

Deur die onduidelikheid kyk hulle almal amper smagtend na die sagte grys mure van die fort wat nog dof weg sigbaar is in die vinnig kwynende lig.

,,Ek kan dit nie glo dat ek dankbaar is om die mure van daardie nes te sien nie," sê die lang blonde man hier naby die punt van die kolonne. Sy naam is Teuns Stegmann, die Suid-Afrikaner in die Franse Vreemdelegioen.

,,Selfs daardie nes van hitte en vlieë is beter as hierdie woestyn met sy hitte en sy sand," sê die reus van 'n man langs Teuns. Sy aksent verraai dat hy 'n Duitser is—Fritz Mundt, seker die sterkste man in die Franse Vreemdelegioen.

Fritz en Teuns bevind hulle in hierdie klein kolonne saam met hul paar vriende, die Engelsman, Jack Ritchie, die Pool, Podolski, en die klein Italianertjie, Petacci. Dit het hulle nog die hele tyd laat dink dat hierdie 'n spesiale ekspedisie is. Die feit dat hulle paar en nog 'n klomp uitgelese manne van die groot garnisoen van Dini Salam op hierdie ekspedisie uitgeneem is, en dit nogal onder aanvoering van D'Arlan self, laat hulle verstaan dat hierdie nie sommer net 'n aflosmars is nie.

,,Vannag kan jy weer heerlik slaap in die verebeddens van Fort Laval, ou grote," spot Petacci vir Fritz Mundt. En môre-oggend kan jy onder die gekleurde sonsambreel sit met 'n groot glas bier hier en dink aan die skone meisies van jou eie Duitsland."

Fritz Mundt maak 'n gebaar asof hy die klein Italianer uit die





grond wil slaan, maar hy kom nie so ver nie, want D'Arlan praat.

,,Wel, mes amis," sê D'Arlan, en steek sy hand uit in die rigting van Fort Laval, ,,daar lê hy. Ek kan hiervandaan die driekleur sien wapper. Fort Laval is minstens nog in besit van die Franse Vreemdelegioen."

Toe draai D'Arlan hom om na sy manne toe. ,,Dit is nou die oomblik dat ek aan julle iets moet verduidelik, mes amis," sê die kaptein. ,,Hierdie is nie 'n afloskolonne nie. Hierdie is 'n versterkingskolonne."

Hy swyg 'n oomblik en wag dat sy woorde moet insink. Hy sien die verbasing op sy manne se gesigte. Daarom praat hy vinnig verder. ,,Ons het inligting," sê D'Arlan, ,,dat daardie rampokker Boelganof en sy volle bende deur hierdie kontrei beweeg. Daar is tekens dat Boelganof sal probeer om Fort Laval in te neem en die Vreemdelegioen sodoende 'n gevoelige slag toe te dien. Daarom gaan ons om die garnisoen van luitenant Du Bois te versterk. Nie alleen dít nie, maar ons het bevel gekry om Boelganof en sy bende nou vir eens en vir altyd te probeer uitroei. Sy bende groei nog steeds aan, en hulle raak waaghalsiger en gevaarliker."

D'Arlan praat nie verder nie, want hy sê nooit meer as wat nodig is nie. Hy is 'n man van min woorde en baie aksie. ,,Voorwaarts!" sê hy net, swaai om en stap voort. Hy lei sy klein kolonne die plato af en toe stryk hulle vinnig aan oor die gelyk sandvlakte wat hiervandaan strek tot by Fort Laval wat nou reeds net 'n dowwe kol geword het in die toenemende skemering.

,,As ek daardie Boelganof in die hande kry," sê die groot Fritz Mundt, ,,sal ek sy nek bietjie-bietjie breek."

,,En ek sal sy keel met 'n stomp mes afsny," dreig Petacci.

Maar die manne is moeg en daarom is hulle nie lus vir korswel nie. Hulle stap swyend verder en die enigste geluid is die gek-

nars van hul stewels oor die sand.

Hulle stap veertig minute. Toe nader hulle die Fort.

Hoewel dit reeds donker geword het, lei D'Arlan hulle reg op die poort af. Die woestynwind waai nou sterker en hulle hoor hoe dit op die hoeke en oor die borswerings van die vesting loei. Hulle ken almal hierdie senutergende geluid want hulle almal het al die een of ander tyd hier diens gedoen om die garnisoen af te los.

Manskap Nenni is 'n Italianer sonder hart en sonder gevoel. Manskap Nennie het na die Vreemdelegioen gevlug nadat hy sy beminde in Milaan met 'n mes doodgesteek het omdat sy hom in die steek gelaat het. Daardie terugslag het hom 'n verbitterde man gemaak. Manskap Nennie dien net diegene wat hom die meeste betaal. En hy is een van die vier wat deur Boelganof omgekoop is in die vestingdorp Dini Salam.

Nou staan manskap Nennie op die borswering hier kortby die poort. Hy weet wat om te doen. Hy kan ook nie anders nie, want net agter hom staan Boelganof self met 'n groot Luger-rewolwer op Nenni se rug gerig.

Deur die sagte suising van die wind, hoor Nennie die stewels deur die sand geknars kom. Hy voel in hom 'n eienaardige opgewondenheid. Dit is die opgewondenheid van 'n man wat verraad wil pleeg maar wat verraad beskou as 'n opwindende ondervinding.

Manskap Nenni se stem klink hoog en hard hier van die borswering af. ,,Werda! Wie is dit wat nader!'' roep hy uit.

,,Capitaine D'Arlan en die versterkingskolonne uit Dini Salam,'' roep D'Arlan terug hier van onder af.

In die Donker hoor D'Arlan en sy manskappe dankbaar hoedat die swaar poort opgeskuif word. ,,En avant!'' beveel D'Arlan, en toe lei hy sy kolonne die poort binne. . .

Boelganof wag net totdat hy hoor die poort het weer gesak, toe vlieg hy om en hardloop die trappe van die borswering af.





## 'N LOKVAL

Dit is eers toe hy die vierkant van Fort Laval binnegestap het met sy kort kolonne, dat D'Arlan bemerk dat alles hier so donker is. Geen lig of beweging nie. So donker en so stil! Geen verwelkomende ligte nie. Geen opgewonde uitroepe van die garnisoen nie.

Die geharde kaptein voel opeens hoe sy hart ruk. Dit tref hom dat die poorthek neergelaat is nog byna voordat sy laaste manskappe binnegemarsjeer het. Hy tuur deur die donker, kyk vraend rond, luister of hy dan nie vir Du Bois hoor aankom nie.

Dit is vreemd. Hy sou sê dat Du Bois onmiddellik sy opwagting sou gemaak het. Sou die spul dan hier aan die slaap wees?

D'Arlan loop 'n paar treë vorentoe in die rigting vanwaar die offisiersmenasie, die slaapkwartiere en die kantoor van die bevelhebber geleë is. Maar toe steek hy vas, want hy hoor vinnige voetstappe naderkom.

Deur die donker sien hy vaagweg hoedat 'n man hom nader. Die volgende oomblik sê D'Arlan taamlik ergerlik: ,,Luitenant Du Bois?''

Die man kom steek voor D'Arlan vas. En op die een of die ander manier voel D'Arlan dat hierdie nie Du Bois is nie.

,,Luitenant Du Bois?'' wat gaan hier aan?'' vra D'Arlan en hierdie keer is daar gesag, amper 'n dreigement in sy stem.

,,Welkom in die Fort Laval, Capitaine.''

'n Ysige vlaag trek deur kaptein D'Arlan. Hierdie is nie die stem van Du Bois nie.

,,Wat is hier gaande?'' vra D'Arlan weer.

,,Dit is nie Du Bois wat praat nie, Capitaine. Jy praat met die nuwe bevelvoerder van Fort Laval—my naam is Boelganof.''

D'Arlan se regterhand glip na sy rewolwersak, maar Boelganof se stem kom weer vinnig: ,,Ek sal dit nie waag as ek jy is nie, Capitaine. Net een misstap deur jou of een van jou manskappe, en ons sal hier onnodige bloedvergieting hê."

Byna in dieselfde asem skreeu die Rus 'n bevel uit en die volgende oomblik word die manne verblind deur die helder wit lig wat daar uit die verste hoek van die borswering op hulle skyn.

Boelganof het die soeklig van die Fort laat aanskakel.

D'Aralan kyk soos blits rond. Langs die binnemure van die vierkant staan Boelganof se manne reg. Hulle is amper almal met kort snelgewere bewapen. Hy swaai om en kyk wanhopig na die poort. Daar voor die poort staan nie minder as ses rampokkers met hul snelgewere op D'Arlan se manne gerig nie.

Toe draai hy weer om en kyk na die Rus. D'Arlan se blas gesig het effens bleek geword. Maar toe hy praat, verraai sy stem nie die minste sweem van skok of verbasing nie. ,,Blykbaar het jy voor my in Fort Laval aangekom, Boelganof," sê D'Arlan. ,,Dit is interessant dat ons mekaar weer ontmoet, nie waar nie, Boelganof?"

,,Baie interessant, Capitaine," sê Boelganof. ,,Dit is net jammer dat jy hierdie keer aan die kortste ent trek. Hierdie keer voer Boelganof bevel en Boelganof is nie van plan om weer vir kaptein D'Arlan uit sy hande te laat ontsnap nie. Ons vorige ontmoeting, Capitaine, was net 'n kennismaking. Hierdie keer gaan ons twee die sake wat tussen ons bestaan, afhandel. . . finaal en onherroeplik."

,,Waar is luitenant Du Bois? Waar is sy manskappe?" D'Arlan spreek die twee vrae op so 'n manier uit asof hy aan Boelganof 'n bevel gee. Sy stemtoon is dié van 'n man wat nog steeds bevel voer.

,,Luitenant Du Bois en sy manskappe is onder veilige bewaring, Capitaine. Ek het hulle oorrompel sonder dat 'n skoot





geskiet is en om jou heeltemal gerus te stel, kan ek jou meedeel dat nog nie 'n druppel bloed vergiet is nie."

,,Dit is 'n leuen, Boelganof," sê D'Arlan.

,,Dit is die waarheid, Capitaine. Om die waarheid te sê, het ek vir luitenant Du Bois vanoggend vroeg in sy slaapkamer wakkergemaak."

In die fel lig van die soeklig staar D'Arlan vraend en onseker na die groot Rus. Toe sê hy met vretende ironie: ,,Ek weet jy is 'n wonderbaarlike man, Boelganof, maar ek wil nog die dag beleef wanneer jy 'n garnisoen van die Franse Vreemdelegioen sonder slag of stoot sal oorrompel."

,,As jy dit nog nie beleef het nie, Capitaine, dan beleef jy dit vanaand. Ons het verlede nag deur 'n oop poort binnegetrek net soos ek jou en jou kolonne nou sonder dat 'n skoot geskiet is, in my lokval gelei het."

D'Arlan tuur lank na die selfversekerde Rus. Toe sê hy: ,,Jy sny meer en meer kerfies op jou kerfstok, Boelganof. Jy maak die dag van afrekening vir jou moeiliker en moeiliker. Al wat ek vir jou kan sê, is dat ek nie graag in jou skoene sal wil staan die dag as die Vreemdelegioen met jou gaan afreken nie."

Boelganof glimlag sinies. ,,Dit sal 'n interessante dag wees, Capitaine," sê hy. ,,Maar moenie dat ons die tyd vooruit loop nie. Ek neem aan jy en jou manskappe is moeg. Ek het 'n paar flesse vodka spesiaal vir jou gehou, Capitaine. Laat ons na my kantoor gaan en gesels. Woorde is van geen betekenis nie, Capitaine. Dit is net dade wat tel. En die enigste dade wat op die oomblik tel, is dat jy my gevangene is. Jy en jou hele kolonne."

Boelganof steek sy hand uit, maak D'Arlan se rewolwersak oop en trek die rewolwer uit.

Toe D'Arlan omdraai, sien hy hoedat twee rye van Boelganof se manskappe hier weerskante van sy kolonne ingeval het. Boelganof beveel sy manne om die Legioenmanne te ontwapen. Toe sê hy vinnig vir D'Arlan: ,,Jy moet jou manskappe